Efesiërs 2:8-10 en Ef 4:22-24 Sondag 32

Geliefdes,

Die Roomse Kerk het die beskouing gehad dat indien ons verlossing alleen van Jesus Christus afhang, dit onnodig sou wees om goeie werke te doen. Baie mense het vandag steeds hierdie ingesteldheid. Dit is teen hierdie gesindheid en teen hierdie dwaling dat die HK die volgende 2 vrae vra en dan antwoorde daarop gee. Die vrae kan opgesom word as dievolgende:

† Die noodsaaklikheid van goeie werke. Met ander woorde – Waarom is dit nodig dat ons dan goeie werke doen as alles net van Christus afhang?
† Die "NIE DOEN" van goeie werke. Met ander woorde dat selfs ons beste goeie dade uit swak en sondige mense kom en dus nie volmaak is nie.

Om hierdie 2 antwoorde te verklaar gaan ons die gelese Skrifgedeeltes gebruik.

Paulus skryf deur die Heilige Gees dat God ons gemaak het wat ons nou is – NUWE mense in en deur die verlossingswerk van Jesus Christus en daarom moet ons, ons nuwe lewe wy om goeie werke te doen uit dankbaarheid vir ons verlossing van die ewige dood.

As verlostes en begenadigdes MOET ons goeie werke doen. Met hierdie goeie werke bedoel die Skrif nie 'n daad soos 'n groot bedrag in die kollektesakkie of waar iemand op 'n Sondag teen sy wil in die kerk sit nie. Nee, goeie werke is die daaglikse wandel waarin ons eet of drink of enigiets wat ons doen, tot eer van God en ons naaste doen. Dit is in lyn met die groot gebod wat Christus self in Matteus 22 gegee het – liefde tot God en liefde tot ons naaste. Dit is om te doen wat God se koninkryk verkondig, wat sy koninkryk uitbrei, wat ons naaste tot voordeel strek. Dit is om God en ons naaste bo en voor onsself te stel. Goeie werk is om heilig voor God te lewe. Geheilig lewe beteken ook nie dat ons met 'n heilo om ons koppe rondloop en met die Bybel onder die arm, maar as ons vanaand by die huis instap, stap die duiwel saam met ons in nie. Dit is om so te lewe dat ons AFGESONDER, EENKANT EN ANDERS lewe in hierdie wêreld. Ons moet afgesonder vir God lewe soos wat Hy Homself vir ons, sy kinders afgesonder het. Ons moet eenkant wees – betekende dat ons nie deel van die wêreld moet word nie maar as verlostes IN die wêreld moet leef en dat ons lewenswyse, gesindheid en dade ANDERS moet wees as die ongelowiges. Daar moet 'n duidelike onderskeid tussen ons en die wêreld wees.

Die antwoord wat die Skrif gee is dus: Ons MOET DOEN omdat Christus GEDOEN HET! Paulus maak dit duidelik dat dit gaan om te doen as VERLOSTE oor wat Christus VIR ons gedoen het. Die uitwerking van God se liefde vir ons, in en deur Christus se daad van liefde aan die kruis, is DANKBAARHEID vir die werking van die Heilige Gees IN ons. Deur die Heilige Gees word ons vernuwe tot die ewebeeld van Christus.
Hierdie ewebeeld beteken nie dat ons soos Christus lyk nie, maar dat ons die karaktertrekke van Christus meer en meer in ons lewe vertoon. In ons woorde, gedagtes en dade. Na die sondeval het ons in diens van satan gestaan. Nou is ons vernuwe om weer te wees wat ons voor die skepping was – totaal ingestel om te leef tot eer van God en ons naaste.

Die Here self stel in Matteus 7:17 dat elke boom word aan sy vrugte geken. As kinders van God is dit nodig dat ons lewe 'n boord vol dankbaarheids-, uitvoervrugte

vir God sal wees. Die rede daarvoor is eerstens om God daarmee te eer en tweedens dat hulle wat God nie ken nie, God se werking in ons lewe sal sien en so iets van God sal leer ken. Dan ook nie dat ons daarop kan roem en sê: Kyk na my as beelddraer van Christus nie, maar dat ons vrugte die genade van God kan verkondig en so ongelowiges tot Christus lok en lei.

Ons lees in Galasiêrs 5:6 en 22: Al wat van belang is, is geloof wat deur liefde tot dade oorgaan en die vrug van die hart wat tot dade oorgaan is: Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Langs die weg van geloofsgehoorsaamheid kom dankbare geloofs uitlewing tot eer van God en ons naaste. So word ons al meer vernuwe tot ware beelddraers van Christus. So leef ons op die pad van geloofsvolharding en groei ons verhouding met God.

In teenstelling hiermee die slegte werke. Die gevaar bestaan dat mense kan sê: Ek is deur God gered nou kan ek mos maar lewe soos ek wil. 'n Tipe geloofsgerustheid en die "gearriveerde" gesindheid.
Iemand wat daardie houding en verstaan van Verlossing het, het nie 'n begrip wat dit beteken om deur Christus en in Christus nuutgemaak te wees nie.

Dit beteken dat Christus ons deur sy Heilige Gees tot sy beeld vernuwe. Dan kan 'n Christen, wat ons onsself graag noem, tog nie 'n onbekeerde-, selfgesentreede- en ondankbare lewe leef nie. En, al is ons werke steeds onvolmaak, al is dit nog uit 'n sondige mens, sien God die gesindheid raak. Want dieselfde gesindheid moet daar in julle wees wat daar in Christus Jesus was – 'n lewe ingestel op die wil van sy Vader! Die WARE geloof bring uit dankbaarheid opregte geloofswerke na vore. Ondankbaarheid, sondige en selfgesentreede lewe bring die dood!
Is ons dankbaar genoeg!
AMEN